## REDAKSIONEEL/EDITORIAL

Die redaksie van *Historia* wil met hierdie gedenkuitgawe Johannesburg met sy eeufeesviering gelukwens. Die belangrikheid van dié stad in ons land se geskiedenis kan moeilik oorbeklemtoon word. Sedert die industriële revolusie teen die einde van die 19de eeu in alle erns voet aan wal gesit het in Suid-Afrika, is Johannesburg die ekonomiese slagaar van ons land. Johannesburg het ook in baie ander opsigte 'n leidende rol gespeel in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die kosmopolitiese bevolking wat hier saamgetrek het, het stimulerend op mekaar ingewerk en het dinamies ontwikkel en vooruitgegaan. Die interaksie het somtyds ook oorgegaan in konflik tussen bevolkingsgroepe of ekonomiese klasse. Dit alles maak Johannesburg 'n belangrike en interessante navorsingsveld vir die historikus. Hierdie gedenkuitgawe konsentreer hoofsaaklik op die vroeëre geskiedenis van Johannesburg in die tydperk van die ZAR.


Saam met die artikels oor Johannesburg verskyn daar ook 'n artikel oor die slag van Vegkop, wat vanjaar presies 150 jaar gelede plaasgevind het. Dit is dus gepas dat die soeklig weer daarop gerig word. 'n Ander bydrae oor 'n tema uit die Republikeinse era en die Britse besettingstydperk (1877—1881) pas ook goed by die res aan.

Hierdie is die eerste uitgawe wat deur die nuwe redaksie behartig word. Ons wil graag vir prof F A van Jaarsveld, wat vir baie jare met soveel geesdrif en sukses opgetree het as hoofredakteur, bedank vir sy onvermoeide ywer in die verband. Die redaksie van *Historia* wil hom 'n aangename en vrugbare aftreetydperk toewens.

Die volgende instansies word bedank vir hul hulp: die Stadsraad van Johannesburg vir sy ruim skenking om hierdie uitgawe moontlik te maak; die Randse Afrikaanse Universiteit vir toestemming om enkele artikels wat voortgespruit het uit die navorsingsprojek *Die Geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand* te mag gebruik; en die Staatsdrukker vir toestemming om 'n hoofstuk van dr J J Fourie se verhandeling wat in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* verskyn het, as artikel te mag herdruk.

Vanweë die verskyning van die twee gedenkuitgawes oor Pierneef en Johannesburg, het die redaksie besluit om vanjaar 'n derde uitgawe uit te bring. Dit sal sonder enige bykomende inskrywingsfooi aan die intekenaars gestuur word.

J S BERGH
*Hoofredakteur*



*fot van Johannesburg die die lorp.*
(T rgiefbew arplel